

Saterdag 25 April

Skrifgedeelte: Markus 4:1-9

Fokusgedeelte: Markus 4:4, 5, 7, 8

Vier harte, maar net een klop werklik

In die koninkryksgelykenis van die saaiër is die saad die Woord van God en die saaiers diensknegte wat die Woord verkondig (1 Kor. 3:5-9). Die menslike hart is soos grond waarop gesaai word en die gelykenis maak onderskeid tussen vier soorte harte (grond).

Die eerste hart is die harde hart (vs 4). Die hardheid van die sonde weerstaan die Woord van God en maak dit maklik vir die voëls (Satan) om dit op te pik. Harde harte moet omgeploeg word voordat dit saad kan ontvang, en dit kan 'n baie pynlike ervaring wees (Jer. 4:3, 4; Hos. 10:12).

Die tweede hart is die vlak hart (vs 5-6). Baie min grond op die harde rots. Die wortels kry nie diepte nie. Dit laat dink aan die emosionele hoorder wat aanvanklik die Woord met blydschap aanvaar, maar later vermaan word soos Efese (Op. 2) dat hulle die Here nie meer so liefhet soos in die begin nie.

Die derde hart is die oorgroeide hart (vs 7). Die Woord is ontvang, maar bekering om die onkruid uit die hart te verwyder, ontbreek. Hierdie hoorder het te veel sade in sy hart – wêreldse begeerlikhede, begeerte vir rykdom, begeerte vir die sinlike, en laat te min ruimte vir die saad van die Woord om te groei. Hierdie hoorder wil die smal en die breë pad saam loop.

Die vierde hart is die vrugbare hart (vs 8). Dit teken die gelowige wat die vrug van bekering dra en dit is duidelik in sy lewe dat hy 'n nuwe mens is (2 Kor. 5:17). Die Heilige Gees het soos vir Paulus en Lidia (Hand. 16:14, 1993/53-vertaling) hierdie hart oopgemaak en daar is groei en vrug van die geloof in Jesus Christus.

Hoe lyk jou hart? Klop jou hart reg vir die evangelie?

Sing: Psalm 9-1:7

Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)